

UIT DIE PEN VAN DIE CEO (12/16)

Justin Chadwick 8 April 2016

"It is easy to be positive when things are good, try being positive when things are bad" Benny Escott

CGA WEBTUISTE

Die CGA se webtuiste is oorgedoen. Belanghebbendes word aangemoedig om dit te besoek – en terugvoering oor verbetering of bykomende inligting, wat van nut kan wees, te gee. www.cga.co.za
Alle produsente en uitvoerders wat wagwoorde gehad het, vir toegang tot die lede-area op die ou webtuiste, moet nou weer registreer om hul nuwe outomaties gegenereerde wagwoorde te ontvang. Gaan na www.cga.co.za, klik op "member login" en klik dan op "Sign Up". Tik jou naam en e-posadres in en stuur. Jy sal 'n e-pos ontvang wat jou vertroulike wagwoord bevestig, sodra die versoek geverifieer is.

DIE TROUE

Verlede week was die Sondagsrivier soos London in Julie 1981 – almal het gepraat oor "DIE TROUE". Dit het voldoen aan al die opgewondenheid – Pieter Nortje (CGA Voorsitter) en sy bruid Madi Swart is Saterdag 2 April op sy plaas getroud. Pieter (soos die meeste sitrusprodusente van suider-Afrika) is so lief vir sy sitrusbome dat hy hul na sy troue genooi het! Die seremonie was in 'n suurlemoenboord, en die onthaalarea het oor die plaas uitgekyk. Baie geluk aan Pieter en sy pragtige vrou Madi – ons beste wense vir gesondheid en geluk in die toekoms.

VERANTWOORDELIKE STAPPE WAT DEUR DIE ORGANIESE SUURLEMOEN PRODUSENTE IN SUID-AFRIKA GENEEM IS (BOODSKAP DEUR Deon Joubert)

Die CGA het Brussels van 20 tot 24 Maart 2016 besoek. Die skokkende gebeurtenisse in Brussels op 22 Maart was 'n skerp herinnering aan die gebrek aan respek vir menslike lewens en die Europese waardes wat deur sommige fanatiese kringe gehandhaaf en gekoester word. Die meegevoel en gebede van die hele Suider-Afrika se sitrusbedryf is met die slagoffers en hulle families. Ons hoop op 'n spoedige herstel van al die beseerdes en dat die families van die slagoffers troos, in die weke wat volg, sal vind. Die besoek aan Brussels was om met alle belanghebbendes en die EU Kommissie te vergader veral oor die Suid-Afrikaanse bedryf se planne vir 2016. Dit is ook benut om 'n voorraadopname te doen van SA se prestasie m.b.t. CBS oor die afgelope paar seisoene, asook om die ontwikkelinge en sentimente in Europa te toets.

Dit is voldoende om die stand van sake vir SA m.b.t. CBS te beskryf as :

Dit het vanaf 2013 verminder van 35 na 28 [in 2014] na 15 [in 2015]. Eenparig is daar gesê – a job well done. SA het deurlopend sy verantwoordelikheid om binne die huidige EU raamwerk te opereer erken, en het verantwoordelikheid getoon met die beheer van die vermeende risiko wat CBS inhou. Oor die afgelope 3 jaar het die produsente, uitvoerders, DAFF tesame met PPECB die SA CBS RMS hersien om die doeltreffendheid daarvan te versterk, en die positiewe tendens van resultate oor hierdie tydperk wys dat dit geslaagd was. Dit kom teen 'n R1 miljard onkoste vir die SA sitrusbedryf - dit onderstreep weereens die nakoming van 'n vereiste, ongeag daarvan dat die wêreld se wetenskaplike siening is dat dit nie 'n gevaar vir Europa inhou nie.

Die CGA se produsente het verder hul verantwoordelike gedrag bewys deur meer as die vereistes in die RMS na te kom en besluite te neem deur kommoditeite te stop of uitvoer daarvan op te skort, wanneer dit gesien was as nodig. Al die bogenoemde is aan die Kommissie en sy belanghebbendes in Europa oorgedra, terwyl SA onderneem het om in 2016 op die pad voort te gaan.

Die Sitrusbedryf wil ook die Lidlande en hul inspeksiedienste bedank vir hul samewerking en ondersteuning in 2015. Hul het ook volle toegang verleen met elke CBS onderskepping en die "viability" toetse wat op hierdie CBS onderskeppings uitgevoer is.

Dit het dit vir SA moontlik gemaak om elke geval te analiseer en die SA RMS te verbeter. Die besoeke aan die lidlande se laboratoria's deur 'n SA tegniese afvaardiging onder die bevoegde leierskap van DAFF gedurende 2015 het verder die vertroue aan beide kante bevorder. In dieselfde gees het die SA sitrusbedryf weereens vandag 'n besluit aangekondig wat die kern van die verantwoordelike gedrag van die SA produsente onderstreep.

Na interne ondersoeke, studies en nabetraging oor die 2015 onderskeppings op organiese vrugte, het die verantwoordelike groep van organiese produsente van SA [in die nie CBS vrye areas] na konsultasie met die CGA, vrywillig besluit om uitvoere van organiese suurlemoene na die EU vir die 2016 seisoen op te skort.

Dit maak dit vir hul moontlik om verder aandag te gee aan risiko beheermaatreëls vir CBS op hul reeks van produkte, terwyl dit die risiko van SA CBS onderskeppings in Europa gedurende 2016 drasties verminder. Dit sal massiewe finansiële gevolge vir hierdie produsente inhou, en is 'n teken van hul ondersteuning aan die lang termyn welstand van die sitrusbedryf in SA. Hierdie besluit is sterk deur alle belanghebbendes in SA ondersteun en ook geprys vir die lang termyn volhoubaarheidsdryf en fokus op die SA sitrusbedryf as 'n geheel.

DAFF is van die besluit in kennis gestel en tesame met die RMS 2016 was pas deur DAFF na 'n intensiewe hersiening beskikbaar gestel is, sal dit weereens die sterk basis van die 2016 sitrusprogram na Europa vorm. SA is vol vertroue dat al hierdie maatreëls weer tot gevolg sal hê dat Europa in 2016 die erkenning aan SA sal gee vir sy bekendste eienskappe, naamlik vrugte van gehalte met uitstekende smaak wat 'n gesonde leefstyl ondersteun.

SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS HUL TOEKOMS DEUR MIDDEL VAN DIE CGA GROEP (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT,

